

Snoei van perske- en nektarienbome

KYK

SNOEI-VIDEOS

Perske- en Nektarienbome

Pruimbome

Appelkoosbome



HORTGRO
Growing Fruit IQ



www.youtube.com/hortgroza

In alle sagtevrugtebome, eintlik alle vrugtebome, is ligbestuur van kritiese belang. Dit is belangrik om die gesegde te onthou – ons boer nie met vrugte nie, ons boer met lig om vrugte te produseer.

Die beginsel van perskes en nektariene snoei, is dat perskes en nektariene vrugte op eenjarige hout produseer en dat ons dra-eenhede (eenjarige lote) van goeie gehalte so na-aan die strukturele tak as moontlik moet verkry:

- Dit maak nie saak watter opleistelsel gebruik word nie, mens moet die strukturele tak identifiseer en dit tot 'n enkele vlak beperk, m.a.w. verwyder alle vurke op die strukturele takke. Dit geld hetsy dit 'n sentrale leier boom is, een met twee leiers of 'n vier-leier kelkvormige boom. Identifiseer die strukturele tak en snoei met behoud van eenjarige hout van breinaalddikte en effe dikker eenjarige hout wat so na as moontlik aan die strukturele tak agtergelaat word.
- Verwyder alle vurke van die strukturele tak, m.a.w. sytakke dikker as 1/3 die dikte van die strukturele tak, met 'n 2cm tappie wat agtergelaat word.
- Verwyder alle tweejarige en ouer hout deur dit terug te sny tot by 'n eenjarige loot van breinaalddikte en dikker. Ideaal gesproke moet dit 30cm-80cm in lengte wees. Hoe nader hierdie eenjarige lote wat teruggesny word aan die strukturele tak is, hoe beter. Dus

moet die doel wees om so min as moontlik tweejarige en ouer hout buiten die strukturele hout op die boom te hê.

- As daar gekonsentreer word op die verwydering van die vurke word die meeste van die ligprobleme uitgesorteer.
- Verwyder vuurhoutjiedikte en dunner eenjarige lote. Hier dun, klein draers het nie genoeg reserwes en blare om vrugte van goeie gehalte te produseer nie.
- Moenie terugsgny in eenjarige hout in nie, veral nie in die winter nie, aangesien hierdie snitte gewoonlik tot terugsterwing lei.
- Regop eenjarige lote van tot 80cm in lengte is in orde, aangesien die vrugte wat hul dra weens hul gewig die lote afwaarts sal buig.

Die beste manier om na te gaan of u voldoende of te veel snoei, is om die getal vrugte wat 'n boom per sentimeter stam-omtrek kan produseer, te bereken. Met sommige van die vroeë variëteite kan nie meer as ses vrugte per sentimeter stam-omtrek gelaai word nie, maar vir sommige van die later, hoogs vroeg-vrugbarevariëteite kan daar tot 14 vrugte per sentimeter stam-omtrek gedra word.

Dit is 'n goeie idee om by u tegniese adviseur uit te vind wat die ideale oeslading is wat hierdie bome kan dra gegewe die variëteit, boomdigtheid, opleistelsel en ouderdom van die boom. Mens tel al die eenjarige lote van 20cm of langer in lengte as draeenhede en daar word gewerk op 'n gemiddeld van 1.5 vrugte wat per draeenheid gelaat kan word. Dus, as u byvoorbeeld 'n variëteit het wat ses vrugte per sentimeter stam-omtrek kan produseer gegewe die opleistelsel, ouderdom, ensovoorts, en die stam-omtrek is 30cm, dan het hierdie boom die vermoë om 180 vrugte van 'n gewenste grootte per boom te produseer. Om hierdie 180 vrugte te produseer, word 120 draers per boom benodig (1.5 vrugte per draer).

Die skrywer verkies om perskes vroeg in die herfs te snoei sodat die oorblywende hout aan direkte sonlig blootgestel kan word en ordentlik kan ryp word voor die winter rustyd begin. Sien die foto onder van eenjarige drahout van goeie gehalte wat u moet probeer om op die boom agter te laat om die volgende jaar se oes te dra.



Dit is belangrik om die snoeitoerusting te ontsmet ná elke boom wat gesnoei word sodat bakteriese of ander siektes nie by wyse van die snoeiskêr versprei word nie. Die skêr moet met 'n aanbevole ontsmettingsmiddel ontsmet word en die instruksies op die etiket moet streng gevolg word.

In die geval van steenvrugte verkies ek om snoeiwonde wat groter is as 'n R5 muntstuk met 'n gepaste boomseëlaar te verf. Ek dink nie dit is nodig om appel- en peerwonde te verseël nie, maar doen dit graag met steenvrugte.

Moet nooit op reënerige dae snoei nie, omdat siektes baie maklik in reënerige toestande versprei.

Die skrywer het geen probleem daarmee om snoeiknipsels op die bankie te plaas nie, óf deur hulle met 'n snoeisnyer of -kapper te versnipper wat hulle dan op die bankie plaas, óf deur hulle netjies met die hand op die bankie te plaas. Die groter takke kan fyn opgesny word om op die bankie geplaas te word. Hierdie is 'n goeie manier om die organiese materiaal op die bankie op te bou.

Take vir na oes en in die herfs

In die na-oes/herfstydperk moet aandag aan 'n aantal produksie-insette geskenk word. Dit sal goed wees om hierdie oorsiglyk na te gaan om seker te maak almal kry aandag:

- Dreinerings: Maak seker alle dreine is oop, sonder blokkasies en reg vir die winterreëns.
- Ondersteuningsprieel: Herstel drade en trek hulle styf, ens.
- Onkruidbeheer: Skenk aandag, veral meerjarige onkruid; meerjarige grasse soos Kikuyu, Fynkweek ens. is maklik om in die Herfs te beheer deur gebruik te maak van 'n goeie, sistemiese onkruidodder wanneer die sap na die wortels vloei.
- Bestudeer resultate van die Uitskot Analise om te bepaal wat die plaë en siekte probleme was in die vorige seisoen en begin met die formulering van 'n strategie vir die komende seisoen. Baie plaë en siektes kan in die Herfs of Winter beheer word.
- Maak seker dat alle bome sekuur aan die ondersteuningsprieel vasgemaak is om te keer dat hulle in die grond rondruk.
- Analiseer die opbrengste van die vorige seisoen en bepaal watter faktore bygedra het tot laer as verwagte opbrengste en hoeveel van daardie faktore tydens die komende Herfs, Winter en Lente aangespreek kan word, en aandag aan geskenk kan word.
 - Byvoorbeeld; kruisbestuiwing: Was daar voldoende kruisbestuiwing en was die korrekte bestuiwers teenwoordig? Hierdie is van kritieke belang vir pruime. Soos voorheen bespreek, is twee bestuiwers beter as een. U kan bepaal of dit nodig is om bykomende kruisbestuiwers in Julie/Augustus in te ent en dan begin om planne daarvoor te maak.

- Aalwurmmonsters: Neem monsters van aalwurms en dien hulle in vir analise om te bepaal of hulle moontlik een van die beperkende faktore in die boorde is. Algemene aanwysers kan hoë grond K% en lae blaar K%, swak groei en afname in vruggrootte insluit.
- Verkry 'n na-oes misstof en blaarvoeding spuitprogram vanaf u plantvoedingkonsultant.

Insek- en Siektebeheer

Steenvrug Peste en Siektes

- **Bakteriese Kanker, Bakteriële Vlek/Xanthomonas & Gomvlek – Alle Steenvrugte.** Vir 'n standaard beheerprogram (geen buitengewone probleme ervaar hierdie afgelope seisoen nie) op alle steenvrug bome, moet 'n **enkele spuit van koperoksichloried @ 350g/hl** toegedien word **@ 75% blaarval**. Indien probleme ervaar is die afgelope seisoen, kan **2 spuite van koperoksichloried @ 350/hl** toegedien word, met **die eerste teen 50% blaarval en die herhaling teen 80% blaarval**.
- **In Xanthomonas probleem situasies**, kan 'n omvattende Bordeaux-program (Kopersulfaat en spuit kalkmengsel) oorweeg word. 'n Reeks van **“tuisgemaakte Bordeaux” spuite**, moet as volg toegedien word: i) 25-50% blaarval; ii) 90-100% blaarval; iii) middel winter; iv) eerste tekens van knopswel in die lente; v) 7-10 dae later. Hierdie tuisgemaakte “Boere Bordeaux” kan gemaak word deur 600g/hl kopersulfaat en 800g/hl spuitkalk te meng en toe te dien. Die spuitmengsel is uitvoerbaar, MAAR spuitpyp blokkasies sal ontstaan wat die spuityd heelwat sal vertraag.
- Alternatiewelik kan **Bordo @ 800g/hl** toegedien word **na-oes, en herhaal word 4 weke later en weer teen vroeë knopswel in die lente**.
- **Krulblaar – Perskes en Nektariens.** 'n **Enkele toediening van koperoksichloried @ 350g/hl**, moet toegedien word **@ 75% blaarval**.
- **Dopluis and Witluis – Alle Steenvrugte.** 'n **Minimum van 2 hoë-volume** spuit per seisoen **@ 100% BRV** moet toegedien word 4-6 weke uitmekaar, bestaande uit **100ml/hl Dursban en 500ml/hl mineraal olie (MCW EOS olie)**. Die eerste spuit moet toegedien word voor snoei en opgevolg word daarna. Die tweede spuit moet saam met die rusbreekspuit toegedien word, indien dit gespuut word, andersins kan dit ook met die vroeë knopswel koper-toediening gemeng word.
- **In probleem dopluis situasies**, moet **3 winter spuite** toegedien word **4 weke uitmekaar**, om 'n deeglike dekking en benatting van die boomstruktuur te verseker. Die tweede van die spuite-moet teen 70% BRV toegedien word, deur op en af mrt dieselfde ry te spuit, vir 'n omvattende benatting. Op vroeë blomkultivars moet die eerste spuit toegedien

word met die $\frac{3}{4}$ blaarval koperspuit om toe te laat dat die 3 spuite toegedien word met 4-week intervalle.

- **Witluis Situasiës – Alle Steenvrugte. 50ml/hl Tokuthion** as 'n hoë-volume toepassing moet toegedien word VOOR enige tekens van knopswel. Verseker 'n deeglike benatting van die boomstruktuur.
- **Vrugtevlieg – Alle steenvrugte. Hou voort met weeklikse lokaas regoor die plaas, indien 1 of meer vlieg per week op die plaas gevang word. Sodra geen vlieë vir 2 opeenvolgende weke op die plaas gevang word nie, kan lokaas verminder word na eenmalig elke 14 dae.**

Slot

Ter afsluiting, die tydperk na oes/in die herfs is wanneer mens begin beplan vir die nuwe seisoen en probeer om die tekortkominge van die vorige seisoen reg te stel. 'n Goed beplande strategie vir hierdie komende seisoen is van onskatbare waarde en dit moet in die na-oes/herfstydperk onderneem word.

TYDIGE WENKE BYDRAERS:

Grond, Besproeiing, Voeding	Somersnoei	Gewasbeskerming
Mico Stander Grondkundige Agrimotion 021 851 1051	Peter Dall Tegniese konsultant Peter Dall Consultancy 028 272 9671	Andrew Hacking Tegniese konsultant Ad Lucem Agricultural Services 021 880 1905

Hortgro Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.